

Wek die dooie op

2.

Ek glo as iemand jou die vraag vra of jy al 'n dooie op gewek het sal jy dink dat die man dink hy is snaaks. Eerste wat in jou opkom is, om die dode op te kan wek lê tog net in die VADER se hand, nie waar nie. Gedeeltelik reg, maar tog gedeeltelik verkeerd. Ons is veronderstel om die dooie te wek en siekes gesond te maak. In *Matt. 10: 7-14* staan: *En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom.: 8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.: 9 Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie;: 10 geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want die arbeider is sy voedsel werd.: 11 En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, ondersoek wie daarin waardig is, en bly daár totdat julle vertrek.: 12 En as julle die huis ingaan, groet dit.: 13 en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer.: 14 En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.: 15 Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.*

Ek gaan vroeg in die traktaat die uitleg deurgee en dan so 'n bietjie rondom die onderwerp uitbrei. Eerstens moet ons weet dat die Skrif altyd twee boodskappe deurgee, hetsy van omstandigheid of gelykenis. Soos in die tien gebooe waar daar staan: "eer jou vader en moeder" wat gedoen moet word, maar dit beteken ook dat jy dié VADER in die hemele moet eer en so ook jou mede broers wat die moeder of die vroulike uitmaak.

Soos YAHUSHA Sy dissipels uitgestuur het stuur Hy vir jou en my uit om dieselfde te doen. YAHUSHA sê: die Koninkryk het naby gekom, maar daar het reeds 2000 jaar verloop na die uitspraak. Ons moet dus verstaan wat daar deurgegee word! YAHUSHA het deurgegee dat dit wat Hy "nou daar en dan" die Koninkryksverkondiging bring. Voorheen in die ou Verbond was daar nie 'n Koninkryksverkondiging nie, maar eerder 'n Koninkryksverwachting. In die ou Verbond was dit onmoontlike om in VADER se Koninkryk in te kon gaan, maar deur YAHUSHA moontlik gemaak in die nuwe Verbond (*huwelik wat voorlê*). Met die evangelie van die Koninkryk moet daar tog mense oortuig word om daarin te kan woon. Daar moet heersers, opperhoofde en 'n volk wees waaroor daar geheers kan word. Die VADER en SY Seuns, met die gerubs en boodskappers sal ook daar in wees.

Nou het ons die opdrag ontvang om na die Koninkryk van VADER te gaan en te verkondig aan ons mede broers. Om mense (siele) te red vir dié Koninkryk moet ons uitgaan na die siekes, onreines, dooies en besetenes.

Kom ons begin by die siekes. Baie hang aan Paulus se lippe waar hy sê dat die liggaam Rom. 12:4-7 baie lede het en elke van hulle het 'n sekere funksie.

3.

Wat Paulus sê: dat sekeres kan gesond bid, andere kan dooies opwek, sommiges kan weer duiwels uitdrywe, maar as jy die stuk lees in Matt. 10 sal jy sien dat elkeen van die hoorders al die goed kan doen! Terug na die siekes. As jou broer fisies siek is, bid vir hom, want daardeur kan jy 'n siel red vir YHUH. As hy geestelik siek is (*moeg siek en sat vir al die verleidinge, teleurstellinge en verwarrings*) moet jy hom gesond maak ook deur gebed in die Naam van YAHUSHA.

Die volgende is melaatsheid. Ons weet dat melaatsheid nie meer so alledaagse siekte is nie, maar melaatsheid is soos kanker. As 'n mens kanker kry is dit nie soos 'n gewone siekte wat net kan verdwyn nie. Ek wil amper sê as kanker intree weet en aanvaar die mens dat hy nou dood gaan, gaan. Bid vir die lyer sodat gesondheid kan intree, want daardeur red jy ook 'n siel. Die tweede boodskap is as die man voel dat die lewe vir hom teveel geword het (*finansies, huweliksprobleme, siektes, ens*) en sy innerlike sê dat hy van die brug moet afspring en sy eie lewe neem. Dit is die man met melaatsheid. Hy voel dit is klaar met hom. So 'n man moet ernstig en gou gehelp word in gebed sodat jy hom kan red vir YHUH.

Kom ons kyk eers na die duiwelbesetene. As jy die gevalle van bo sien waar ons begin het met siekte toe lydende siekte en nou duiwels uitdrywe sal jy agterkom dat dit al hoe moeiliker is, of meer ernstiger gevalle is. Die dood kom al hoe vinniger voor dus is die tyd om so 'n persoon te red kort. Met 'n duiwelbesetene weet jy dat Ha satan die man so gou as moontlik wil dood hê. hy wil hom misbruik tot sy eie doel en dan doodmaak (*dwelms, rook, pille, inspuiting, drank, ens*). Dus moet die duiwel uitgedrywe word deur bevel en gebed sodat die persoon ook gered kan word vir YHUH. Die tweede boodskap is dat so 'n persoon nie maklik sal luister nie. Hy is 'n kerkganger en trots op wat hy doen. Hy is beïnvloed deur sy prediker en lief vir hom, want hy preek dan so mooi. Hulle troos lê in die massa, hulle sê: kyk hoe baie is ons en hoekom sal ons dan verkeerd wees? Hulle sê: My voorgeslagte loop die kerk pad al vir eeue en as ek nou uit daardie pad moet klim, wat dan van hulle? Om met die besete/ besetene te werk is om hulle eers bang te maak, want vrees is by hulle. Vertel hom waarmee hy besig is. Vra hom vra sodat hy jou moet antwoord of reghelp. Noem hom dat hy verplig is om jou te reg te help, want ander gaan hy verantwoordelik wees vir jou siel wat hel toe gaan. Bid vir hom dat hy kan inkeer en bekeer sodat YHUH se boodskappers saam met jou kan jubel vir 'n nuwe siel vir die ewige lewe.

Nou die opwek van die dooie; Soos ek bo genoem het dat al die gevalle lei na die dood en menslikgesproke finaal is (*'te laat is*). YAHUSHA aan die anderkant gee ons tog die opdrag om wel die dooie op te kan wek. Om iemand wat pas dood gegaan het (*en dat sy mense daarvan weet*) op te wek deur gebed sal jy baie siele red vir YHUH!

Om te bid dat 'n dooie op moet staan is moontlik in die Naam van YAHUSHA. Deur gebed om elk van die gevalle in Matt. te red sal 'n vreugdevolle tyd vir almal wees. Die tweede boodskap van die dooie is dat hy 'n verlore saak is; Ons kan noem dat hy lewend dood is. So 'n persoon is 'n Ateïs wat nie in die bestaan van ons Skepper glo nie en dus 'n loënaar van enige geloof op aarde. Hy is 'n persoon wat dood in die hart is en dus gevoelloos teenoor alles, hetsy natuur of die mens. Hy glo ook dat daar nie 'n dag van môre is nie (*na die dood ingetree het nie*) m.a.w. as die dood intree is daar nie 'n hiernamaals nie. Om sulke manne op te wek uit die dood is nie maklik vir ons as mens nie, maar wel as dit YHUUH behaag.

In kort gaan ek die behandelde verse van Matt. analiseer.

In *Mat 10:7-14* staan: *En gaan ~~preek~~ en maak bekend en sê: Die koninkryk van die hemele* (meer as een, dus VADER sin) *het naby gekom.:8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit.* (soos bo uitgewys) *Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee* (Dus moet daar geleer word sodat ontvangs moontlik kan wees).:9 *Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaaf nie;* (Dit wat jy ontvang het en deurgee aan die volk moet kosteloos wees, al kos dit geld YHUUH sal sorg dat dit versprei word):10 *geen reissak geskrewe aantekeninge vir die pad of twee kledingstukke* ('n tweede lering nie) *of skoene* (trap of vertrapping m.a.w. neerhalend of verwerping) *of 'n stok* (of selverdeling, of aanval, of beskerm, of ondersteun) *nie; want die arbeider is sy voedsel werd.:*11 *En in watter stad* (Groep van mense) *of dorp* (enkele persoon) *julle ook al mag ingaan,* (geestelik begin spreek) *ondersoek wie daarin waardig is,* (kyk wat en wie in hom of hulle teenwoordig is) *en bly dáár totdat julle vertrek* (moet nie die groep of persoon verlaat nie).:12 *En as julle die huis* (Persoon) *ingaan, groet dit* (hom);:13 *en as die huis dit waardig is,* (die moeite werd) *laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer* (onttrek jou van hom).:14 *En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af.:*15 *Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad* (as die persoon jou wegjaag nadat hy die waarheid gehoor het verlaat hom, want 'n verlore saak is hy).

Nou gaan ek iets deurgee wat ietwat van die onderwerp is, maar op die ou end baie daarmee te doen het.

Vas of onthouding

'n Hele paar keer lees ons in die Skrif van 'vas' waar ons dit veronderstel is om te doen, maar minag. Baiedink dat ons van 'n volk lees in die vereverlede met hulle gewoontes / tradisies. Dat die algemene prentjie oor die uitverkore 'n sprokie moet wees weens al die wonderwerke en vreesaanjaende gebeure. Hulle sê: Dink net aan die eetgewoontes en kleredrag en lewensstyl!

Wat ook al sy hier kom die ontsettende groot waarheid en belangrikheid oor "vas".

In die Skrif lees ons oor vas in die volgende boeke:

Luk 5:35 Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word; dan sal hulle vas, in daardie dae.

Mat 9:15 En Jesus YAHUSHA sê vir hulle: Kan die bruiilofsgaste dan treur so lank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas.

Mark 9:29 En Hy sê vir hulle: Hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie.

Mat 17:21 Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.

Joel. 2:12 Maar selfs nou nog, spreek die HERE, YHUH bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweën en rouklag.

Jes. 26:20 Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan.

Mat 6:16 En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.

Ons Bruidegom is op pad, maar wyl Hy 'talm' moet ons 'vas', want waar sal ons hulp vandaan kom? Dus in hierdie dae moet ons vas, en deur gebed en vas het ons die voorreg om te wandel in waarheid. Jou medebroer moet hom bekeer met sy hele siel, krag, hart en verstand wat gepaard gaan met geweën en rouklaag. Ja verberg jou somtyds en so ook openbaar jou somtyds vir 'n klein oomblik dat VADER jou kan aansien en jou beloon, nie soos die Skrifgeleerde en Fariseër nie, maar soos SY oogappel, Sy eie.

In *Jes. 58:3-6* staan: *Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons, ons siel, en U weet dit nie?(vra die mens) —Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan.*

(antwoord YHUH): *4 Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie.:5 Is dít die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat ~~die~~ HERE YHUH welgevallig is? :6 Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van godeloosheid boosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek?*

Hoor julle die opdrag oor die 'vas' die moet en die moenie.

Ons lees voort in *Hos. 4:6 en 12* *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God Skepper vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Harde woorde vir die wat die kennis(openbaringe)verwerp.*

Hos. 4:12 My volk raadpleeg sy hout, (priesters en vorste) en sy staf (leiers) moet hom die inligting gee; want 'n gees van hoerery (verskillende predikers/kerke) het hulle verlei, en deur hulle hoerery (kerke, sinagoges, tempels, ens) het hulle van hul ~~God~~ Skepper afvallig geword.

Samevatting.

Alles op aarde behoort aan YHUH, want dit is aan Hom gegee deur VADER. Van die kleinste molekule in water (of DNA van die mens) tot die grote see. YHUH het ons die nalating (Skrifte) gegee om te kan leef in dit wat Hy geskep en geskape het op aarde. Hy het duidelik vir ons gesê wat ons mag aantrek, eet, drink en hoe ons moet voortplant en vermeerder.

Met al die gegewens het die mens hul rug op dit gedraai en na die geleerdes (Dr, Ds, Prof) gedraai en by hulle raad gesmeek i.p.v. om vir YHUH te vra. *2Kon. 1:2 En Ahásia het deur die tralievenster in sy bo-kamer, in Samaría, geval en siek geword. Toe stuur hy boodskappers uit en sê vir hulle: Gaan raadpleeg Baäl-Sebub, die god van Ekron, of ek van hierdie siekte gesond sal word. :3 Maar die Engel Boodskapper (YHUH) van die ~~HERE~~ VADER het vir Elía, die Tisbiet, gesê: Maak jou klaar, gaan op, die boodskappers van die koning van Samaría tegemoet, en spreek met hulle: Gaan julle, omdat daar glad geen ~~God~~ Skepper in Israel is nie, om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg? :4 Daarom dan, so sê die ~~HERE~~ VADER: Van die bed waar jy op geklim het, sal jy nie afkom nie, want jy sal sekerlik sterwe.*

Die wat nou uit hul siek en siekes wil uitkom luister na YAHUSHA wat sê in Matt. 11:28 dat die vermoeid en belaste sal rus ontvang by Hom. Mense ek praat van Diabetes, Kanker, Skuldklier, Hoë en Laebloed en talle kroniese siektes wat genees sal word deur gebed en vas.

In kort oor die woord 'vas': Dit is 'n handeling of 'n proses wat jy jouself geheel of gedeeltelik onthou van voedsel of drank. As jy begin het om te vas moet jy onwrikbaar vasstaan in jou versoek wat jy voor VADER lê. Indien jy oortree, oortree jy die wet van opregtheid, en dus sal jy veragtelik wees in die oë van YHUH.

Hier is die handeling wat gedoen moet word tot gesond wording. Gaan na VADER en stel jou saak met HOM. Vertel hom jou behoefte en wat jy wil hê (*Moet asb. nie VADER in versoeking ly deur iets vir iets nie, soos ek gaan nou vas en dan moet U my help nie! Of as ek dit gaan doen dat U my moet help! Sê eerder: As U wil geskiet om genesing te skenk wil ek graag 'n offering doen om op te hou met.....om U te behaag*). VADER sal besluit (of dit HOM behaag) om jou in guns aan te sien. Joh. 5:6; Luk. 5:12 Die gebed moet gaan soos YAHUSHA dit stel in Matt. 26:39: "*nie soos Ek wil nie, maar soos U wil*".

7. "Vas"

Daar bestaan nie 'n vas ooreenkoms teenoor verskillende probleme nie. Omrede ons soveel jare weerhou was deur die duisternis ken ons nie regtig die regte rituele rondom vas nie. Toe ek deur die Skrif (1933 vertaling) gegaan het, het ek op verskillende vasdae uit gekom. Dit begin op 'n dag per week en ander twee dae per week (Luk. 18:12). Sommige 3 tot 7 dae oor sekere sake; ons lees ook dat 40 dae nie uitgesluit was nie (Matt. 4:2).

Luister asb. nou mooi: Die liggaam is volmaak geskape deur YHUH. Van babatyd tot so om en by 21 jaar bly die liggaam groei en normaalweg gesond en nie vet nie. Wanneer die grootmens jare begin, begin die vet intree weens verskeie redes soos onder andere 100% onaktiwiteit of verkeerd eet. Wat die liggaam nou begin doen is om allerhande energie, proteiene, yster, ens. stoor in die liggaam, en dit doen die liggaam om die genoemde goed bo binne in die vet te bere. Die liggaam ontvang en verwerp wat jy hom gee, maar ongelukkig ken die liggaam nie(veral nou se dae)alles wat hy moet verwerp nie. Dus stoor die liggaam gifstowe ook in die vet.

Nou die vet is soos 'n koskas(spens) vir die liggaam. As hy iets nodig het sal hy na die vette gaan en daarvan neem tot behoud van die liggaam. Ja nou sal die manne weet wat op 'n dieet gegaan het dat hy sleg gevoel het, en dalk baie siek beginne word het, nou weet waar dit vandaan kom.

Die gestoorde gifstowwe in die vet kom nou in die bloedstroom en tas behoorlik alle organe en ingewande aan. Nou wat gedaan ?

Eerstens moet jy nie so vinnig as moontlik maerder word nie, want te vinnig maar word is 'n skok vir die liggaam wat hy nie gewoond is aan nie. Tweedens is die vrylating van teveel gifstowwe(weens te vinnig maar word) uit die vette na al die organe en ingewande.

Hier is die resep of stappe wat wel gevat moet word. Eet reg. Eet jou vrugte en groente. Eet meer wit vleise as rooi vleis (*Eet meer vis as skaap en bees*). Die meeste klein, groot en pluim vee word so gemanipuleer met hormone en verkeerde kosse dat hulle vleise 100% besoedel is (*bo en behalwe hormone vreet die diere bloedmeel, beenmeel en karkaste wat op gemaal word in hulle gevoerde kosse*). Eet 'n ordentlike ontbyt en middag ete. Aandete moet nie 'n vleis produk wees nie. Moet veral nie na ses in die aand 'n bord kos eet nie. Net deur om reg te eet gaan die liggaam vanself weer sy normale gewig handhaaf. Om wel die gifstowwe wat in die vette gestoor was te help uitkry moet jy die liggaam spoel ("soos hulle sê: die bloed 'n bietjie skoon maak").

Met die verduideliking oor die vet en suiker sluit dit alle mense op aarde in. Om die liggaam te help en by te staan moet ons ieder en elk 'n dag vas in 'n 10 dae siklus(10 dae aan YHUH). Of jy nou gesond is of nie is dit net reg om te 'vas' sodat ons kan oppas wat aan YHUH behoort (*jou liggaam*).

8.

Ek wil nie uitbrei oor dae van vas as jy met YHUH ander probleme wil uitlê soos finansiële of persoonlike probleme nie, want dit lê in jou as individu. Al wat ek sal byvoeg tot ondersteuning is dat ek verskeie kere paar dae gevas het oor sekere sake en telkemaal is my gebed verhoor.

Ek sluit af met *Tobias. 12:8 Gebed is goed as dit gepaard gaan met vas, liefdadigheid en opregtheid. 'n Weinig met opregtheid is beter as met goddeloosheid boosheid. Dit is beter om liefdadigheid te bewys as om goud op te hoop.*

Dit kos jou niks om dit te doen wat saak maak, my vriend. Wees lief vir mekaar en kyk na dit wat aan YHUH behoort, dit sluit jou naaste in my vriend. Laat die sieke, melaatse, dooie en duiwelbesetene saam bid en 'vas'.

Ns:

Mense asb. as jy enige twyfel in jou hart het moet asb. nie eers begin met bid en vas nie, want met twyfel gaan jy nie gesond word nie. Selfs jou gebed gaan 'n gruwel voor VADER wees!!

Bedink dit